

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
21 Januarie 1979

Onderwerp: Vlees versus Gees

Lees: Romeine 7 verse 15 tot 26
Galásiërs 6 vers 14

Teks: Romeine 7 verse 24 en 25

Sing: Gesang 47 verse 1 en 5
Gesang 209 verse 1 en 2
Gesang 275 vers 5

“Paulus was hier besig om geskiedenis te skryf, nie van iemand anders nie, maar sy eie lewensverhaal. Dit was ook nie gewone geskiedenis nie, maar ’n stukkie sielsgeskiedenis.

“Maar eintlik het hy ons hier niks nuuts vertel nie. Want wat hy ervaar het, is ook u en my ervaring en ondervinding. Die stryd wat hy hier in die geestelike lewe beskryf het, is ook ons stryd. Paulus het ons hier vertel van die mag en werklikheid van die sonde; en die mens se neerlae en frustrasies in hierdie sondestryd.

“Maar gelukkig het Paulus nie net vertel van stryd en neerlae nie. Nee, daar was ook ’n ligkant, ’n oorwinningston. Hy het vertel van Jesus Christus wat die sondaar van sy sondestryd verlos het. Dit is die goeie tyding, die goeie boodskap! Jesus Christus verlos die mens uit die mag van die sonde. Paulus het hierdie waarheid telkens verkondig.

“Paulus het sy geestelike stryd, en daarmee ook u en myne, kort en kragtig saamgevat. Dit was geen ingewikkelde betoog nie. Hy het geen geleerde woorde gebruik nie. Nee, hy het dit kernagtig en korrek gestel. Al wat Paulus van sy geestelike lewe gesê het, was: ‘Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.’ (Rom 7:19)

“Is dit nie ook waar van u en my daaglikse ondervinding nie? Al is ons kinders van die HERE, al glo ons in Hom, al is ons lidmate van die Kerk, al is ons deelgenote van sy tafel, dan moet ons erken dat neerlae en teleurstellings deel is van ons geestelike lewens. Daarom verstaan ons wat Paulus in ons teksvers bedoel het toe hy uitgeroep het: ‘Ek ellendige mens!’ (Rom 7:24) En Broers en Susters, dit is so! Die mens, u en ek, is magteloos om die goeie voort te

bring. Ons neiging is na die kwade. Ons is gedurig geneig om God en ons naaste te haat.

“Dit is dikwels ons eie ondervinding en bittere teleurstelling. Ons wil die goeie lewe leef en oorwinnend in Jesus Christus lewe. Ons wil vir die Meester leef en vrugte van bekering voortbring. Ons wil die Bybel lees, Kerk en biduur bywoon. Maar hoe lyk dit werklik in ons lewens? Slaag ons in ons voornemens?

“Nee, as ons eerlik moet wees, dan moet ons erken: Ek wil die goeie doen, maar ek is magteloos om dit te doen. Dié ervaring dui op ’n lewe vol sonde. Ek doen die verkeerde dinge. Ek koester lelike gedagtes. Ek stel ’n swak voorbeeld. Ek gebruik die HERE se Naam ydelik. My gesindheid laat veel te wense oor. Die Kerk en Goddiens het vir my ’n oorlas geword.

“Paulus het dit raak opgesom. Ons wil die goeie doen en ons strewe daarna, maar ons is magteloos. Daarom moet ons ook uitroep: Ek, ellendige mens is onmagtig.

“Waarom ervaar ons die neerlae, frustrasie en is ons kragteloos in ons geestelike lewens? Die antwoord is eenvoudig. Omdat die mens vasgegryp en vasgevang is deur die mag van die sonde.

“Sien die waarheid van die sonde só: Sonde laat jou nooit alleen nie. Satan wil die mens verwurg in sy vangnet. En hy slaag daarin omdat die mens so magteloos is.

“Ons mag nooit vergeet dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen Satan. Ons het te doen met ’n oormag wat té sterk en té veel is vir ons. Dit is net soos die besetene van Gádara aan Jesus gesê het: ‘Legio is my naam, want ons is baie.’ (Mark 5:9)

“Paulus het gesê: ‘Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?’ (Rom 7:24) Hy het die sonde hier beskryf as ’n doodsheid, die liggaam van die dood. En dit is wat sonde werklik is. Onder sy mag is die mens geestelik dood.

“Broers en Susters, leef u nog soos ’n krygsgevangene in u geestelike lewe? Voel dit of u die stryd verloor het? Wees gewaarsku. Moenie die sonde onderskat nie. Dit is soos ’n kanker in die lewe wat voortvreet totdat die einde kom.

“Sonde is die mag van die Satan. En teen hom kan ons nie in eie krag veg nie. Daarvoor is ons te swak. Saam met Paulus moet ons dus uitroep: ‘Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?’

“Broers en Susters, gelukkig het Paulus se verhaal ook ’n ligkant. Hy het nie net die donker prentjie van die mens se magteloosheid teenoor die oormag van die sonde geskilder nie. Nee, hy het die Evangelie, die blye boodskap, verkondig! Nadat hy uitgeroep het: ‘Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?’ het hy gesê: ‘Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!’ (Rom 7:25)

“Paulus het Jesus Christus in sy geestesoog aan die kruis van Golgota gesien. Hy het geweet dat Jesus Christus die sondes van die wêreld op Hom geneem het en ons van die sondemag verlos het. Dit sluit u en my sondes in. Hy was bewus van Jesus Christus se almag. Dit moet ons nooit vergeet nie.

“Ons moet elke dag na Jesus Christus gaan, want Hy het ons sondes aan die kruis oorwin. Daar word die deur van die gevangenis oopgesluit. Daar word ons verlos. Jesus Christus se kruisiging aan die kruis op Golgota is die enigste doeltreffende wapen teen die sonde. By Hom is krag en oorwinning in die daaglikse stryd.

“Mag ek u vra: Ken u die gekruisigde Jesus? Onthou, deur Jesus se dood aan die kruis ontvang u ewige rus in u gemoed. Paulus het dit geweet. Daarom het hy uitgejubel: ‘Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here.’

“God het bepaal dat Jesus Christus sy almag aan die kruis sou bewys; dat Jesus Christus aan die kruis die sonde sou oorwin; en die mens van sy magteloosheid sou verlos. Daarom moet ons soos Paulus uitroep: ‘Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.’ (Gal 6:14).

“Amen.”